

Hoofstuk van die dag: Johannes 19

> *Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: “Ek is dors.” (vers 28)*

Daar is liberale teoloë wat beweer dat Jesus se einde onnodig

en tragies was. Maar sy dood was nie die tragiese einde van ’n mislukte held (soos in outydse tragedies) nie. Dit was ’n doelbewuste en gewillige oorgee van Homself tot in die dood. Dit sien ons in alles wat hier by die kruisiging gebeur, veral ook waar Jesus uitroep: “Ek is dors!” Hierdie woorde herinner aan sy woorde in Joh 18:11 (toe hulle Hom gevange geneem het). Toe het Jesus vir Petrus gesê: “Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader my gegee het nie?” Met drink bedoel Hy die doen van die wil van die Vader. En met die kruiswoorde: “Ek is dors!” spreek Hy sy verlange uit om die wil van die Vader enduit te doen.
Ook sy laaste woorde onderstreep hierdie feit, toe Hy uitgeroep het: “Dit is volbring!” Dit is afgehandel. Die taak is uitgevoer. God se opdrag is tot die laaste druppel toe gedoen. Sy taak is voltooi.
Dit het Hy vir jou en my gedoen, uit eie vrye wil.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026